

VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Saak Nr: 236/2013

In die saak tussen:

FRANK JAMES DE BEER N.O.

1^{ste} Applikant

MARIETTE DE BEER N.O.

2^{de} Applikant

ABRAHAM JACOBUS DU PLESSIS N.O.

3^{de} Applikant

en

MAINSERVE AFRICA (EDMS) BPK

1^{ste} Respondent

KHOSIMANG EDGAR ERIC RAMONGALO

2^{de} Respondent

HENDRE VAN DER MERWE

3^{de} Respondent

ZAMILE JACOB GCWILI

4^{de} Respondent

BERNARD VAN DER WALT N.O.

5^{de} Respondent

JACOBUS ELISA KRITZINGER N.O.

6^{de} Respondent

RONEL VAN DER WALT N.O.

7^{de} Respondent

JACOBUS GREEFF FOURIE

8^{ste} Respondent

MAATSKAPPYE EN INTELLEKTUELE

EIENDOM KOMMISSIE

9^{de} Respondent

REGISTRATEUR VAN AKTES:

BLOEMFONTEIN

10^{de} Respondent

UITSPRAAK:

DAFFUE, R

AANGEHOOR OP:

16 MEI 2013

GELEWER OP:

6 JUNIE 2013

INLEIDING

- [1] Die applikante in hierdie aansoek is die trustees van Dilligaf Trust (“die trust”). Hulle verlang onder andere ‘n verklarende bevel tot die effek dat ‘n skriftelike koopooreenkoms van aandele (“die ooreenkoms”) ingevolge waarvan die trust se aandele in eerste respondent aan tweede tot sewende respondente verkoop is, nietig is. Voorts word versoek dat

die hof sal gelas dat die tweede tot sewende respondente hulle aandele aldus ontvang aan applikante oordra tesame met gepaardgaande regshulp. Daar word ook 'n interdik versoek ingevolge waarvan eerste tot agtste respondente verbied word om Erf 18741, Uitbreiding 126, Bloemfontein wat tans in eerste respondent se naam geregistreer is, te vervreem.

AGTERGROND

- [2] Die ooreenkoms is gesluit op 10 Julie 2008. Frank James de Beer ("De Beer"), hy synde die oprigter en mede-trustee van die trust, het voorgegee dat hy die trustees as verkopers verteenwoordig soos blyk uit die aanhef tot die ooreenkoms deurdat op 'n resoluëie van 13 April 2007 gesteun word.

- [3] Op 16 Februarie 2012 is aksie ingestel onder saaknr 665/2012 in die name van De Beer, Mariette De Beer ("mev de Beer") en Christiaan Wagenaar ("Wagenaar") as eisers in hul beweerde hoedanighede as trustees van die trust teen die eerste tot sewende respondente hierin wat as verweerders gesiteer is. Eisers in die aksie het spesifieke nakoming gevorder van verweerders se verpligtinge uit hoofde van die ooreenkoms, alternatiewelik en indien die hof sou bevind dat die ooreenkoms nie tot stand gekom het nie, of nietig is, of verval het, is regshulp gevorder op grond van verryking.

- [4] Op 11 April 2012 het die Meester van die Hoë Hof 'n gewysigde magtigingsbrief in terme van Artikel 6(1) van die Wet op Beheer van Trustgoed, 57 van 1988, ("die Trustwet") uitgereik ingevolge waarvan die trustees van die trust

aangedui word as De Beer, mev de Beer en Abraham Jacobus du Plessis.

- [5] Uit die verweerskrif geliasseer op 19 April 2012 in saaknr 665/2012 blyk dit dat dit die verweerders se saak is dat Wagenaar nooit deur die Meester gemagtig is om as trustee van die trust op te tree nie. Bygevolg is gepleit dat die ingestelde aksie 'n nietigheid is. Dit is voorts ook ontken dat De Beer gemagtig is deur die trustees van die trust om die ooreenkoms namens hulle te onderteken.
- [6] Saaknr 665/2012 is steeds hangende, maar desnieteenstaande het applikante voortgegaan om die huidige aansoek uit te reik.

DIE VERSOEK OM VERDERE VERKLARINGS IN DIE HUIDIGE AANSOEK IN TE DIEN

- [7] Binne enkele dae na liassering van die repliserende verklaring het applikante 'n interlokutêre aansoek afgelewer ingevolge waarvan verlof versoek is om 'n verdere verklaring te liasseer. Die regsverteenwoordigers van die partye het ooreengekom dat nie beswaar gemaak sal word teen die liassering van sodanige verdere verklaring nie op die basis dat respondente geregtig sal wees om daarop te antwoord wat hulle inderdaad ook gedoen het. Ek was tevrede dat dit in die belang van die partye en geregtigheid oor die algemeen is dat verlof aan die partye verleen behoort te word om die verdere verklarings wat inderdaad reeds geliasseer is, af te lewer en het ek reeds met die aanhoor van die aansoek sodanige verlof verleen.

FEITE BUITE GESKIL IN HIERDIE AANSOEK

[8] Die volgende is buite geskil:

- 8.1 Dat die ooreenkoms nietig is deurdat De Beer geen magtiging van die trustees van die trust gehad het om dit te sluit nie;
- 8.2 Die koopsaak het bestaan uit die trust se gehele aandeelhouding in eerste respondent, oftewel 90% van die uitgereikte aandele in eerste respondent, welke aandele, synde 3 600 in totaal, verkoop is vir R3,6 miljoen;
- 8.3 Op datum van kontraksluiting was De Beer, mev de Beer en Jacobus Elisa Kritzinger, 'n ouditeur en 'n onafhanklike trustee, die trustees van die trust;
- 8.4 Saaknr 665/2012 is ingestel onder die name van De Beer, mev de Beer en Wagenaar as beweerde trustees van die trust, maar Wagenaar is nooit deur die Meester as mede-trustee aangestel nie;
- 8.5 Kritzinger het voorheen opgetree as ouditeur van De Beer en sy entiteite en na sy dienste as ouditeur beëindig is, is Wagenaar deur De Beer aangestel om as ouditeur op te tree;
- 8.6 'n Dokument gedateer 2 Junie 2008, synde 'n briefhoof van die Dilligaf Trust waarop die trustees aangedui word as FJ de Beer, M de Beer en C Wagenaar, vorm deel van die aansoekstukke en daarvolgens bevestig hierdie drie persone *ex facie* die dokument onder hul handtekeninge dat 'n vergadering van trustees van die trust gehou is, dat besluit is om 3 600 aandele van die trust in eerste respondent te verkoop aan ene Khosimang Edgar Eric Ramongalo (in hierdie aansoek gesit as tweede respondent) en dat De Beer

gemagtig word om die dokumente namens die trustees te onderteken;

- 8.7 Wagenaar erken dat nadat hy by Kritzinger as ouditeur oorgeneem het, De Beer hom meegedeel het dat “hy graag wou hê dat ek as trustee by Mnr Kritzinger moes oorneem”.
- 8.8 As respondente se verwere van verjaring, *lis pendens*, onvolledige skuldoorsaak weens versuim om restitusie te tender en estoppel faal, is applikante geregtig op die regshulp uiteengesit in die kennisgewing van mosie.

GESKILPUNTE

- [9] 9.1 Presies wanneer het applikante kennis gedra van die feite waaruit die skuld, met ander woorde die reg om te eis dat die ooreenkoms nietig verklaar word, ontstaan het;
- 9.2 Kon applikante deur uitoefening van redelike sorg vroeër as 13 Maart 2012 kennis gedra het van die tersaaklike feite en in welke mate word hulle deur die voorbehoudsbepaling van artikel 12(3) van die Verjaringswet, 68 van 1969, getref;
- 9.3 Het die applikante se eise verjaar;
- 9.4 Figureer dieselfde partye, onderwerp en skuldoorsaak in beide die aksie en die aansoek;
- 9.5 Is applikante se versuim om terug te tender wat hulle ontvang het ingevolge die nietige ooreenkoms fataal vir die regshulp wat gevorder word;
- 9.6 Kan respondente daarop steun dat applikante deur middel van estoppel verbied behoort te word om hulle op De Beer se ongemagtigde handeling te beroep.

VERWYSING VAN DIE AANSOEK VIR MONDELINGE GETUIENIS

[10] Adv N Snellenburg wat namens die applikante verskyn het, het in sy aanvanklike hoofde van betoog aangevoer dat die weergawe van die twee ouditeurs, Kritzinger en Wagenaar, op die stukke verwerp kan word as vergesog en onhoudbaar. In sy aanvullende hoofde van betoog het hy aangevoer dat die aangeleentheid vir mondelinge getuienis verwys behoort te word. Hierdie ommekeer is waarskynlik teweeggebring deur die argumente vervat in Adv AJR Van Rhyn SC, wat namens eerste tot sewende respondente verskyn het, se betoogshoofde. Mnr Van Rhyn het aangevoer dat applikante, en De Beer in besonder, reeds op datum van kontraksluiting deur die uitoefening van redelike sorg die getal en identiteit van die trustees moes of kon bekom het, dat verjaring toe reeds begin loop het en dat verjaring dus vasstaan. Volgens mnr Snellenburg kan die geloofwaardigheid van die onderskeie rolspelers alleenlik in kruisondervraging getoets word en behoort die aangeleentheid aldus verwys te word.

[11] Mnr Van Rhyn het ook daarop gewys dat die aansoek eintlik afgewys behoort te word omdat die feitegeskille nie op die aansoekstukke besleg kan word nie en applikante reeds voor die bring van die aansoek bewus was hiervan. Hy het voorts aangevoer dat daar in elk geval op die beste vir applikante ernstige en onoorkomelike feitegeskille bestaan en dat die aansoek op respondent se weergawe beslis moet word. Soos ek ook later hierin sal aantoon het hy in 'n deeglike argument met groot oortuigingskrag geargumenteer dat

applikante se eis verjaar het en dat mondelinge getuienis die hof nie in 'n beter posisie sal plaas om tot 'n ander bevinding te kom nie. Ek hanteer hierdie kwessie later hierin.

TERSAAKLIKE REGSBEGINSELS EN OORWEGING VAN DIE PARTYE SE ARGUMENTE DAAROMTRENT

Verjaring

[12] Beide advokate het gesteun op die onlangse uitspraak van die Hoogste Hof van Appèl in **Claasen v Bester** 2012 (2) SA 404 (SCA). In 'n beroep op hierdie uitspraak het mnr Snellenburg tereg aangetoon dat die ongeldigheid al dan nie van die ooreenkoms 'n regsokonklusie en nie 'n feit is nie. Ongelukkig stem ek nie saam met sy verdere argument dat verjaring eers begin loop wanneer 'n party kennis gekry het of bewus geword het van die nietigheid van die ooreenkoms nie. Dit is juis uitdruklik deur die hof bevind nie die geval te wees nie. Derhalwe is sy submissie dat verjaring eers op 13 Maart 2012 begin loop het toe De Beer vasgestel het dat Kritzinger steeds die derde trustee is en nie Wagenaar nie, vatbaar vir kritiek. In **Claasen v Bester** *loc cit* is beslis dat verjaring in daardie feitekompleks begin loop het op 3 Maart 2004 toe Bester kennis geneem het dat die koopkontrak wat hy met Claasen gesluit het nie 'n bepaling bevat met betrekking tot die prys waarteen hy die plaas van Claasen kon terugkoop nie. Die feit dat hy nietemin geglo het dat die klousule afdwingbaar was is as irrelevant beskou. Anders as wat namens Bester geargumenteer is, het verjaring nie

eers begin loop in Januarie 2006 toe Bester kennis geneem het van die opinie van advokate dat die kontrak wat hy met Claasen gesluit het nietig is nie. Ten einde tot hierdie bevinding te kom het die Hoogste Hof van Appèl gesteun op **Truter and Another v Deyssel** 2006 (4) SA 168 (SCA) en **Minister of Finance and Others v Gore NO** 2007 (1) SA 111 (SCA). In **Truter** *loc cit* het Van Heerden AR te para [20] die volgende gesê:

“Section 12(3) of the Act requires knowledge only of the material facts from which the debt arises for the prescriptive period to begin running – it does not require knowledge of the relevant legal conclusions (ie that the known facts constitute negligence) or of the existence of an expert opinion which supports such conclusions.” (eie beklemtoning)

In **Gore** *loc cit* het Cameron AR en Brand AR te para [17] die volgende gesê:

“[17] This Court has, in a series of decisions, emphasised that time begins to run against the creditor when it has the minimum facts that are necessary to institute action. The running of prescription is not postponed until a creditor becomes aware of the full extent of its legal rights, nor until the creditor has evidence that would enable it to proof a case ‘comfortably’.” (eie beklemtoning)

In **Yellow Star Properties 1020 (Pty) Ltd v MEC: Department of Development Planning and Local Government, Gauteng** 2009 (3) SA 577 (SCA), welke beslissing ook met goedkeuring na verwys is in **Claasen v Bester**, het Leach Wnd AR te para [37] bevind dat die

versuim van die betrokke applikant deur nie die regsgevolge wat uit die feite voortgespruit het na waarde te ag nie, nie die loop van verjaring vertraag het nie.

- [13] Dit is gepas om subartikels 12(1) en (3) van die Verjaringswet van nader te beskou, welke subartikels soos volg lees:

“(1) Behoudens die bepalings van subartikels (2), (3) en (4) begin verjaring loop sodra die skuld opeisbaar is;

(2) ...

(3) ‘n Skuld word nie geag opeisbaar te wees voordat die skuldeiser van die identiteit van die skuldenaar en van die feite waaruit die skuld ontstaan, kennis dra nie; Met dien verstande dat ‘n skuldeiser geag word sodanige kennis te dra indien hy dit deur die beoefening van redelike sorg kon bekom het.”

- [14] Kritzinger wat met die sluiting van die koop-ooreenkoms in 2008 nog steeds ‘n mede-trustee van die trust was, was nie bewus van die transaksie nie en het nooit deel gevorm van enige vergaderings of besluitnemingsprosesse rondom die verkoop van die aandele nie. Mnr Snellenburg het geargumenteer dat die persone wat wel namens die trust gehandel het, naamlik De Beer, mev de Beer en Wagenaar, aldrie onder die *bona fide* indruk was dat hulle aldus gemagtig was om die aandele te verkoop en De Beer te magtig om namens hulle op te tree en die ooreenkoms te onderteken. Hierdie aspek word baie sterk betwis deur respondent by monde van Wagenaar. Alhoewel die resoluë wat Wagenaar mede-onderteken het en waarna ek hierbo verwys het, *ex facie* die dokument aantoon dat

Wagenaar voorgegee het om as trustee te teken, wel nie in verband met die verkoop van die aandele aan die kopers soos geïdentifiseer in die ooreenkoms nie, maar aan tweede respondent, word die volgende aangetref in Wagenaar se verklaring:

“7.4.1 Ek kan nie die omstandighede onthou wat daartoe gelei het dat ek Aanhangsel “A1” geteken het nie. In retrospek kon dit nie in my hoedanigheid as trustee gewees het nie, aangesien ek nooit behoorlik aangestel was nie en het ek ook nooit enige administratiewe stappe in hierdie verband geneem het.

7.4.2 Op geen stadium hoegenaamd is ‘n vergadering gehou soos beweer in die inleidende paragraaf tot Aanhangsel “A1” nie.”

Dit is wel so dat die beweerde vergadering blykens Aanhangsel “A1” op 2 Junie 2008 plaasgevind het, terwyl die resoluëie waarna verwys word in die ooreenkoms 13 April 2007 gedateer is en soos vermeld verskil die kopers ook.

- [15] Mnr Van Rhyn het met oortuiging geargumenteer dat uit hoofde daarvan dat De Beer as stigter en een van die eerste trustees van die trust bepaalde statutêre, gemeenregtelike, kontraktuele en fidusiêre verpligtinge met betrekking tot die bestuur van die trust en sy trusteeskap oor die algemeen op hom geneem het, hy geweet of moes geweet het, indien hy redelike voorsorg getref het, dat hy nie gemagtig was om namens die ander trustees op te tree met die sluiting van die ooreenkoms op 10 Julie 2008 nie. Bygevolg het die skuld, met ander woorde die reg om die kontrak nietig te laat verklaar, op datum van die ooreenkoms, synde 10 Julie

2008, ontstaan. Dus het verjaring ingetree 'n geruime tyd voordat die onderhawige aansoek uitgereik en beteken is. Daar is groot oortuigingskrag in mnr Van Rhyn se argument, maar dit kan nie uit die oog verloor word nie dat die Meester aangeraai is in **Land and Agricultural Bank of SA and Others v Parker and Others** 2005(2) SA 77 (SCA) te para [35] om te verseker dat onafhanklike (en kundige) trustees aangestel word in bepaalde gevalle. Hierdie is skynbaar so 'n geval.

- [16] Mnr Snellenburg het soos ek tydens argument teenoor hom geopper het, toegegee dat applikante 'n opdraande stryd het om die verweer van verjaring te omseil, maar het nogtans aan die hand gedoen dat Aanhangsel "A1" applikante se saak staaf dat Wagenaar as 'n gemagtigde trustee opgetree het wat hulle *bona fide* geloof versterk het dat hy die nodige stappe geneem het om te verseker dat hy in die plek van Kritzinger as die derde en onafhanklike trustee aangestel word deur die Meester, want anders, so lui die betoog, kan daar geen verklaring vir Wagenaar se handtekening op Aanhangsel "A1" gegee word nie. Kennis word geneem van die kritiek teenoor Wagenaar uitgespreek en behoort 'n geleentheid aan applikante gegun te word om sy getuienis aan kruisverhoor te onderwerp. Ek sal nie graag die valbyl op applikante wil laat val voordat hulle geleentheid gegun is om beskikbare remedies te ontgin nie. Dit wil vir my voorkom asof Wagenaar heelwat het om te verduidelik, maar of sy antwoorde tot applikante se redding gaan kom is moontlik 'n perd van 'n ander kleur. Eweneens word Kritzinger geblameer deurdat hy as 'n professionele persoon, 'n ouditeur van beroep en kundige in die trustreg, toegelaat het

dat die trust voortbestaan en bedryf word terwyl hy vir 'n periode van vyf jaar geen insette gelewer het nie, sy verpligtinge as trustee dus versaak het en ook nie as trustee bedank het nie.

- [17] Dit is nie op hierdie stadium gewens dat ek enige verdere kommentaar lewer oor die verweer van verjaring nie. Die moontlikheid bestaan dat 'n hof na aanhoor van die getuienis en deeglike kruisverhoor in 'n beter posisie sal wees om die aangeleentheid te besleg. Dit moet ten slotte op rekord geplaas word dat die bewyslas op respondente rus om verjaring te bewys.

Lis pendens

- [18] Mnr Van Rhyen het daarop gesteun dat hierdie aansoek opgeskort behoort te word vanweë die hangende saaknr 665/2012. Hy steun vir hierdie verweer op **Socratous v Grindstone Investments** 2011 (6) SA 325 (SCA) en het aan die hand gedoen dat die huidige litigasie tussen dieselfde partye is, dieselfde onderwerp in geskil is en dieselfde skuldoorsaak ter sprake is. Die betrokke uitspraak is onderskeibaar van die onderhawige geding. Dit is duidelik dat ander trustees as eisers in die aksie ageer. Wagenaar is deur Du Plessis in die aansoek vervang. In die aksie word spesifieke nakoming versoek en in die alternatief word regshulp op grond van verryking gevorder. In hierdie aansoek word uitdruklik versoek, anders as in die aksie, dat 'n bevel gemaak word tot die effek dat die ooreenkoms nietig is en word oordrag van die aandele gevorder, synde bates wat aan die trustees behoort wat in opvolging van die nietige ooreenkoms aan tweede tot sewende respondente oorgedra

is. Dit is juis respondente se saak dat die instel van die aksie 'n nietigheid daarstel. Die hof wat 'n verweer op grond van *lis pendens* oorweeg het in elk geval 'n diskresie om nie die verrigtinge op te skort nie. Na my oordeel sou dit sinneloos wees om hierdie verrigtinge op te skort bloot omdat die aksie wat deur almal aanvaar word onbehoorlik ingestel is, steeds hangende is. Die verweer het geen meriete nie.

Restitusie

- [19] Mnr Van Rhyn het verwys na **Claasen v Bester** *loc cit* vir sy argument dat selfs waar die ooreenkoms nietig is en 'n verklarende bevel versoek word tot daardie effek en die aandele wat gelewer is, terug gevorder word, applikante die prestasie wat hulle ontvang het, moet tender. Die Hoogste Hof van Appèl het nie aldus bevind in **Claasen v Bester** nie en is die verwysing deur mnr Van Rhyn na paragraaf 9 in die uitspraak foutief. Die paragraaf verwys na die wyse waarop die besonderhede van vordering in daardie saak opgestel is.
- [20] In elk geval kan die verweer ook aangespreek en besleg word indien die aansoek vir mondelinge getuienis verwys word. Daar is meriete in mnr Snellenburg se argument met verwysing na **Extel Industrial (Pty) Ltd and Another v Crown Mills (Pty) Ltd** 1999 (2) SA 719 (SCA) te 732F. Teruggawe van gedeeltelike prestasie word nie vereis in alle gevalle nie en veral nie wanneer 'n komplekse evaluering en afweging van verskeie oorwegings ter sprake is nie soos in hierdie geval. Vergelyk ook **Rhooide v De Kock** 2013 (3) SA 123 (SCA) para [24] te 131B-E waar die Hof bevind het dat 'n party wat na aanleiding van 'n nietige kontrak sy bates wat

aan die ander party gelever is, terugvorder, dit op grond van die *rei vindicatio* doen en dat die skuldoorsaak volledig is sonder om restitusie aan te bied. Die ander party se reg om op grond van verryking aksie in te stel word hom nie ontnem nie.

Estoppel

[21] Mnr Van Rhyen het daarop gewys dat De Beer verskeie voorstelle namens die trust gemaak het op grond waarvan respondente gehandel het en behoort applikante verbied te word om hulle nou op die ongemagtigde handeling van De Beer te beroep. In sy mondelinge betoog het hy in soveel woorde toegegee dat die verweer niks om die lyf het nie en ek het die duidelike indruk gekry dat hy nie bereid is om enige submissies daaromtrent te maak nie. Dit is egter nie nodig vir my om op hierdie stadium 'n finale oordeel hieroor te vel nie, maar wil dit voorkom asof daar inderdaad meriete is in mnr Snellenburg se argument dat respondente nie op enige skynverwekking kan steun nie. Vergelyk **Trust Bank van Afrika Bpk v Eksteen** 1964 (3) SA 402 (A) te 411H-412B en **Strydom v Die Land- en Landboubank van Suid-Afrika** 1972 (1) SA 801 (A) te 815G-H.

VERWYSING VIR MONDELINGE GETUIENIS EN PRAKTIESE REËLINGS

[22] Op hierdie stadium is die skaal beslis nie in die guns van applikante nie, maar dit kan na my oordeel ook nie tans aanvaar word dat die waarskynlikhede in respondente se guns is nie. Applikante het 'n opdraande stryd, maar insoverre mnr Snellenburg aanspraak maak daarop dat behoorlike kruisverhoor van veral Kritzingen en Wagenaar

moet plaasvind en volledige blootlegging geskied, mag dit net wees dat die skaal in die guns van applikante swaai. Vergelyk **Kalil v Decotex (Pty) Ltd and Another** 1988(1) SA 943 (A) te 979 H - I en **Fikre v Minister of Home Affairs** 2012 (4) SA 348 (GSJ) te 354 - 355. Applikante behoort nie van die geleentheid om mondelinge getuienis aan te bied ontnem te word nie. Die feit dat die bewyslas op respondente rus om verjaring te bewys het ook 'n rol gespeel in my besluit om verwysing vir mondelinge getuienis te gelas.

- [23] Aangesien die aangeleentheid van groot belang is vir al die partye hiertoe is ek bereid om mondelinge getuienis aan te hoor op 25, 26 en 28 Junie 2013, synde die laaste week van die tweede kwartaal, alternatiewelik 25, 26 en 27 September 2013, synde die laaste week van die derde kwartaal of 10, 11 en 13 Desember 2013, synde die laaste week van die vierde kwartaal. Dit is egter onderhewig daaraan dat die regsverteenwoordigers van die partye die aangeleentheid met die griffier bespreek en die voorgestelde datums die goedkeuring van die waarnemende Regter President wegdra.

BEVEL

- [24] Bygevolg word die volgende bevele gemaak:
- 24.1 Die aansoek word uitgestel na 'n datum gereël te word met die griffier van die hof vir die aanhoor van mondelinge getuienis;
 - 24.2 Die volgende geskilpunte sal bereg word:
 - 24.2.1 respondente se verweer dat applikante se eis verjaar het;

- 24.2.2 of applikante se skuldoorsaak onvolledig is deurdat restitusie van dit wat ontvang is nie getender is nie;
- 24.2.3 of respondente kan steun op estoppel op grond van skynverwekking wat na bewering plaasgevind het;
- 24.3 Die partye sal die getuienis mag aanbied van enige getuie(s) wat hulle ook mag verkies om getuienis af te lê, onderhewig daaraan dat persone wat nie reeds verklarings in die verrigtinge afgelê het nie, nie as getuies geroep mag word nie tensy die party wat van voornemens is om hom/haar /hulle te roep, minstens vyftien (15) dae voor die eerste dag geskeduleer vir die aanhoor van getuienis 'n verklaring/verklarings liasseer van sodanige persoon/persone waarin die getuienis van sodanige persoon/persone uiteengesit word, met dien verstande dat die hof op aansoek van 'n party getuienis van 'n persoon mag toelaat nieteenstaande die feit dat geen verklaring(s) van sodanige persoon of persone geliasseer is nie.
- 24.4 Die partye het die reg om enige persoon te supoen om getuienis af te lê tydens die verrigtinge ongeag of sodanige persoon toegestem het om 'n beëdigde verklaring af te lê al dan nie.
- 24.5 Die feit dat 'n party 'n verklaring afgelewer het van 'n persoon of 'n persoon gesupoena het sal nie by noodwendige implikasie die party verplig om sodanige getuie te roep of die getuienis aan te bied nie.
- 24.6 Die partye sal binne vyftien (15) dae na die verlening van hierdie bevel blootlegging onder eed doen van alle dokumente van toepassing op die geskilpunte hierbo

uiteengesit ten aansien van alle dokumente in die partye se besit of onder hul beheer, of wat op enige relevante tydstip in hulle besit of onder hulle beheer was en sal blootlegging origens geskied ooreenkomstig die bepalings van Hofreël 35 welke reël sal geld met betrekking tot inspeksie en voorlegging van dokumente.

24.8 Die koste van die aansoek staan oor vir beregting deur die hof wat die getuienis aanhoor.

J. P. DAFFUE, R

Namens die applikante: Adv. N. Snellenburg
In opdrag van:
Rossouws Attorneys
BLOEMFONTEIN

Namens die eerste tot
sewende respondente: Adv. A. J. R van Rhyn SC
In opdrag van:
McIntyre & Van der Post
BLOEMFONTEIN

/eb